PIETERSBURG | PIETERSBURG

# NOTULE * MINUTES

LEDEVERGADERING GEHOU TE IMPALA KLUBHUIS
MEETING HELD AT IMPALA CLUB HOUSE
OP/ON **2 FEBRUARIE 2016**

Kantoor: Biccard Straat No.3.
Tel. No. 015 291 3820
Faks no. 086 267 5365
Webwerf: www.bushveldhunters.co.za
e-pos: pietersburg@bosveldjagters.co.za

Voorsitter: Rudi Myburgh Tel. No. 083 229 0148 e-pos: myburghrudi@gmail.com
Ondervoorsitter: Basie Breytenbach Tel. No. 083 232 6325 e-pos: bbreyton@lantic.net
Sekretaris: Lourens Erasmus Tel. No. 0718681609 e-pos: Lourens.Erasmus@ul.ac.za
Tesourier: Ben Redelinghuys Tel. No. 082 417 8857 e-pos: ben@proquinn.co.za

---

## 1. STAANDE PUNTE VIR BESPREKING<br>STANDING ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| 1.1 | **Opening en verwelkoming**<br>**Opening and welcoming**<br><br>André de Lange open met gebed. Die voorsitter heet alle lede teenwoordig welkom by die vergadering. | Rudi Myburgh |
| 1.2 | **Voorlees van Doelstellings**<br><br>Die voositter lees die doelstellings van die Vereniging voor en vra die lede om die doelstellings na te streef. | Almal |
| 1.3 | **Verskonings / Apologies**<br><br>Patrick Meyer, Danie Oosthuisen, Johan Meiring, Stan Rodgers, Braam Els, Nico Bierman, August Thom. | Almal |
| 1.4 | **Presensielys / Attendance List**<br><br>Die presensielys word gesirkuleer en almal teenwoordig word versoek om dit so volledig moontlik te voltooi. Die lys word by die oorspronklike notule aangeheg. | Almal |
| 1.5 | **Mosies / Motions**<br><br>1.5.1 Dr Jan Oldewage baie siek, en tans in die hospitaal. Ons glo en vetrou dat daar spoedige herstel sal wees. Lede word versoek om hom en sy gesin in hulle gebede op te dra.<br>1.5.2 Braam Els – vier hulle 25ste huweliks herdenking.<br>1.5.3 Wessie is in November 2015 oorlede. | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | | |
| **1.6** | **Korrespondensie / Correspondence**<br>Geen korrespondensie ontvang dus het geen bespreking plaasgevind nie. | Almal |
| **1.7** | **Notule van vorige vergadering / Minutes of previous meeting**<br>1.7.1 Voorlees van vorige notule / Reading of previous minutes<br>Voorsitter lees die notule voor van die vergadering wat gehou was op 3 November 2015.<br>1.7.2 Regstellings op vorige notule / Corrections on previous minutes<br>1.7.3 Voorstel vir goedkeuring deur / Proposed for approval by<br>Werner Thom<br>1.7.4 Gesekondeer deur / Seconded by<br>Dennis Traynor | Almal |
| **1.8** | **Vasstelling van die sakelys – Nuwe Sake**<br>Geen | Rudi Myburgh |
| **1.9** | **Sake voortspruitend / Matters arising**<br>1.9.1 Skietbaan<br>Werk aan skietbaan gaan onverpoos voort. Op 14 Februarie 2016 bied IPSC a nasionale Kampioenskap aan.<br>Lede word herinner dat jaarfooie vir die gebruik van die skietbaan R200-00 beloop. Indien hierdie gelde nie opbetaal is nie, sal lede moet aanvaar dat hulle R50-00 per sessie moet betaal.<br>1.9.2 Nuwe lede - Goedkeurings<br>Lys met name van Debbie ontvang:<br>DW du Toit, WA Venter, F Marais, L Vorster en JS Oosthuisen.<br>1.9.3 Webwerf<br>Geen bespreking. | Rudi<br>Debbie<br>Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **1.10** | **Opleiding / Training**<br><br>1.10.1 CHASA kursus<br><br>Die kurses sal plaasvind gedurende die eerste naweek in Maart (Saterdag die 5de).<br><br>1.10.2 Junior opleiding<br><br>Die datum moet bepaal word.<br><br>1.10.3 Teleskoop kursus<br><br>Voorsitter ondersoek die moontlikheid vir die kursus in 2016. Hy sal sal met die aanbieder skakel om uit vind watter naweke nog beskikbaar is in 2016. | Rudi / Debbie<br><br>Rudi/Basie<br><br>Rudi<br><br>Rudi / Debbie |
| **1.11** | **Toegewydejagters / Dedicated Hunters**<br><br>1.11.1 Algemeen<br><br>Dit word onder die lede se aandag gebring dat n aantal toegewyde jagters aan die einde van 2015 van die BJV lys verwyder is agv van onbetaalde ledegelde. Hierdie lede verbeur die toegewyde status by BJV. Die Voorsitter verduidelik breedvoerig aan die lede wat die repurkusies is wanneer lede hulle toegewyde status verloor.<br><br>Lede word weereens attend gemaak daarop dat die BJV boekjaar strek vanaf 28 Februarie 2016 tot 28 Februarie 2017 (daar is wel pro-rata rekeninge uitgestuur vir die oorgangs tydperk 1 September 2015 tot 28 Februarie 2016).<br><br>1.11.2 Nuwe goedkeurings<br><br>Geen. | Toegewydejagt ers<br><br>Debbie |
| **1.12** | **Finansieëleverslag / Financial report**<br><br>Ben Redelinghuys hou verslag voor. Die verslag word by die notule aangeheg. | Ben |
| **1.13** | **Sosiaal / Social**<br><br>1.13.1 Jaar einde funksie 2015<br><br>Die voorsitter spreek sy dank uit vir die fenomenale taak wat deur Dalein en Pottie Potgieter verrig is met die spyseniering van | |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | die funksie. BJV het gepoog om die kostes vir lede so laag as moontlik te hou. Die insluiting van a lokale talent soos Bill Jordan was baie suksevol en het bygedra tot die ontspanne atmosfeer.<br><br>1.13.2 Algemeen<br><br>Voorsitter nooi lede om na die vergadering saam te kom eet. Tak betaal R35.00 en lid die res. | |
| **1.14** | **Skietdae**<br><br>1.14.1 Naseisoen skietdag – 5 Desember 2015<br><br>Hierdie kompetisie is aangebied by Stefanus Schoeman se plaas. Die Kompetisie is gewen deur Stefanus Schoeman. Verskeie organisasies onder andere, Sport en Jag Federasie en, SA jaggeweerskiet het die geleentheid bygewoon. Interessant dat die eerste 10 plekke almal gevul was deur BJV lede. | Dennis Traynor |
| | 1.14.2 Voorseisoen skietdag – 30 Januarie 2016, te De Loskop<br><br>Hierdie skietdag is deur 68 lede bygewoon. Dit was n baie uitdagende skietdag en die wind en hitte het lede laat les opsê. Die algehele wenner was Roelof Myburg (715), gevolg deur Louw Willemse in die tweede plek (670) en Hennie Grobler in die derde plek (620). SA Sportjag het ongeveer 10 lede gehad wat deelgeneem het, slegs een van hulle kon n plek los skiet. Die voorsitter moedig lede aan om hoerdie kompetisies by te woon, en deel te neem self al is dit net vir die pret daarvan. Daar word aanvaar dat nie alle BJV lede ingestel is op kompetisies nie, tog behoort hulle van die veld skiet geleenthede gebruik te maak om hulle eie skietvernuf te verbeter in die jagveld.<br><br>Na afloop van die verskeie kwalifiserende skeitdae is die volgende BJV skietspanne saamgestel om ons in Bloemfontein te gaan verteenwoordig:<br><br>A span: Stefanus Schoeman, Roelof Myburg, Hennie Grobbler, en Louw Willemse.<br><br>B span: Rudi Myburgh, Alwin Fleischman, Johan Grimbeek, en André Jonker.<br><br>C span: Pieter Grimbeek, Hester Myburgh, Daan Louw en Derick Koekemoer<br><br>Junior span: Dré Jonker, Ian Grobler, Brendon Steyn en | Rudi |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | Anika Myburgh.<br><br>1.14.3 Volgende kompetisie – 20 Februarie 2016 te Polokwane<br><br>Formaat: CHASA jaggeweer.<br><br>1.14.4 Handwapen skiet<br><br>Voorsitter volg op, op sy onderneming in 2015 om daarop te fokus dat lede hulle handwapens meer gereeld gebruik. Te veel lede is daaraan skuldig dat hulle nie vetroud is met die effektiewe en veilige gebruik van hulle handwapens nie. BJV sal gebruik maak van die dienste van opgeleide lede om opleiding aan hulle skuts te lewer. Daar is wel besluit dat mans en vrouens nie saam “opgelei” sal word nie. Siende hierdie aktiwiteite nie op die kalender verskyn nie word lede versoek om hulle SMS’s dop te hou vir inligting. | |

## 2. NUWE PUNTE VIR BESPREKING<br>NEW ISSUES FOR DISCUSSION

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| **2.1** | Bosberaad, 22-24 Januarie 2016<br><br>Tydens hoerdie aangeleentheid is die pad vorentoe bespreek. Daar was ‘n algemene gevoel dat dit tans goed gaan met BJV, tog word aangedui dat ‘n pro-aktiewe standpunt ingeneem moet word om nuwe lede te werf. “n groter lede tal bied net meer bedingings mag wanneer ons met die staat onderhandel vir ons vuurwapen regte.<br><br>Louis Trichardt tak is tans onder nuwe bestuur. Hulle voel dat daar meer fondse beskikbaar moet wees vir opleiding. Hulle stel voor dat elke tak ‘n individu aanwys vir bemarking en fonds werwing.<br><br>CHASA wil ‘n uitvoerende beampte aanstel. Tans word n gedeelte van ons jaarfooie (ledegelde) aan CHASA oorbetaal. In lyn met die behoefte vir n voltydse uitvoerende beampte kan lede verwag dat ons fooie angepas gaan word.<br><br>Johan Kapp bring twee besprekings punte onder die lede wat ons maand vergadering bywoon, se aandag, (1) Versigtigheid jeens die agendas en motiewe van groen organisasies wat hulle daarop instel om jag situasie uit verband te ruk en ook om disinformasie te versprei. Ons lede moet pro-aktief raak en sekere maak dat ons optredes nie skietgoed is vir hierdie organisasies nie, (2) Die aksies teen vuurwapen eienaarskap. Daar blyk ‘n doelbewuste poging te | Almal |

| No | Besprekingspunt / Point for discussion | Deur / By |
|---|---|---|
| | wees om ons uit hoë vlak samesprekings te hou. Die voltydse aanstelling van n CHASA uitvoerende beampte sal baie help om hierdie aksies te dryf. | |

**3. ALGEMEEN**
**GENERAL**

| | | |
|---|---|---|
| **3.1** | Daar is n algemene bekommernis dat sekere klubs hulleself sekere regte (by die gebruik van die Polkwane skietbaan) toe eien. Hier word spesifiek na die IPSC lede verwys wat Nasionale kampioenskappe aanbied in Polkwane en dan die skietbaan "oorneem" vir weke. Hulle gedrag maak dat die (tans) enkele 300m baan in sulke gevalle glad nie beskikbaar is nie.<br><br>Die gevoel is dat alle klubs moet saamwerk, onnodige konflik moet sover as moontlik vermy word. Tog word daar gevoel dat in 'n saamwerk situasie waar daar wedersydse respek is, dat klubs nie net hulle eie doelwitte moet najaag nie maar dit op so 'n manier doen dat almal geleenthede het om hulle sport te beoefen. | |

**4. VOLGENDE VERGADERING**
**NEXT MEETING**

| | | |
|---|---|---|
| **4.1** | Die volgende vergadering sal  plaasvind op 01 Maart 2016 om 18:00 in die saal. | |

**5. AFSLUITING**
**CLOSING**

| | | |
|---|---|---|
| **5.1** | Rudi bedank almal vir hulle insette en bydraes tydens die vergadering. | |

**6. GOEDGEKEUR**
**APPROVED**

____________________ ____________________
Sekretaris Datum

Voorsitter Datum